# KONGRES 2006

20 & 21 September

*LANDBOU STRATEGIE VIR VOLHOUBAARHEID*

# DIE KRITIESE EKONOMIESE TOESTAND WAARIN DIE KOMMERSIËLE BOER HOMSELF BEVIND MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE INVLOED VAN REGERINGSBELEID EN -INMENGING OP DIE BOER SE EKONOMIESE VOORTBESTAAN

Mnr Stephen Hoffman

---

## LANDBOU EN EKONOMIE IN SUID-AFRIKA

### 1. Hoe groot is ons rol in die SA ekonomie?

Laat ons aanvaar dat daar ongeveer 35 000 kommersiële boere oorgebly het in SA (let op die woordjie **oorgebly**, wat sê dat daar eers heelwat meer, omtrent 65 000 was) en dat ons bevolking tans naby 50 milj staan. Dit beteken dat elke boer verantwoordelik is om vir rofweg 1400 mense kos te produseer, hetsy deur direkte bemarking of deur valuta verdienste. Deur getrou te sorg dat daar elke dag genoeg kos op die tafel is, stel ons die massas in staat om hul vryheid te geniet. Sou die staat egter voortgaan om in te meng en te torring aan landbou in SA, is dit nie vergesog dat dit hier ook binnekort mag lyk soos by ons noordelike bure nie. Vir ons dalk ‘n vreemde idee, maar nie vir die heersers van Afrika nie. In Afrika is hy wat die voedsel beheer vanselfsprekend die een wat die septer swaai.

Wat bydrae tot die bruto binnelandse produk betref is ons klein, omtrent 9%. Word sekondêre landbou bedrywe ook ingereken kom ons dalk by 25% uit. Dit is egter nie naastenby so belangrik soos die feit dat ons Suid-Afrika ‘n onafhanklike voedsel voorsiener maak wat geheel en al in sy eie behoeftes kan voorsien nie.

Dit laat die volgende vraag ontstaan: As landbou dan so ‘n belangrike rolspeler is, waarom word landbouers so stief behandel in SA? Word ons rol nie na waarde geskat nie of is daar dalk ander meer duister motiewe vir die regering se duidelike onwilligheid om sy landbouers met rus te laat sodat hul hul tyd aan voedselproduksie kan wy? As ons hierdie motiewe beter kan verstaan, sal ons dit ook makliker vind om onsself in denke en optrede te rig ten einde onsself en ons besighede te beskerm teen die aanslae van die regering.

### 2. Hoe verskil ons posisie van landbouers in ander Westerse lande?

Westerse regerings besef die waarde van landbou. Met hul ervarings in die oorlogsjare van die 40’s het hul gesien wat die prys is wat betaal word as ‘n land nie ‘n selfstandige voedselvoorsiener is nie. Om hierdie rede koester hul hul landbou deur dit te beskerm teen onbillike kompetisie van goedkoop invoere. Subsidies verseker die behoud van boere en stabiliseer produksievlakke. Navorsing is op ‘n baie hoë peil en is gerig op optimisering van produksie met minimum insette. Infrastruktuur, veral vervoer, energie en telekommunikasie is ligjare voor ons. Grond bly egter onbekostigbaar duur en arbeid, soos ons dit ken, baie skaars.

Plaaslik kan ons ook spog dat ons eens daar was, maar dat ons vinnig besig is om terug te gly na die infrastruktuur posisie waar ons in die vroeë sestig was. Ontoereikende padverbindings en telekommunikasie asook onbetroubare kragvoorsiening is besig om ons mededingendheid ernstig aan bande te lê. Op navorsingsgebied het ons toegelaat dat ons pêrels vir die swyne gegooi word.

## 3. Waarheen is ons op pad?

Wel, dis duidelik dat ons vinnig besig is om ons kompeterende voordele op die internasionale markte te verloor. Hoewel groei en vooruitgang nog steeds ons dryfveer is, is dit ook tyd dat ons die werklikhede raaksien vir wat dit is. Daar is ‘n paar negatiewe faktore wat ons dwing om selfversorgendheid en onafhanklikheid hoër te ag as groei en vooruitgang. Dit lê opgesluit in wetgewing en ekonomiese realiteite. Die res van die verrassings word deur die politici styf teen die bors gespeel. Dit help nie om optimisties te bly oor vooruitsigte op ekonomiese gebied en geriefshalwe die werklikhede mis te kyk nie. Daarmee sê ek nie dat ons nie optimisties mag wees nie, inteendeel, optimisme maak juis elke keer van volgende jaar die beter jaar. Ek probeer bloot waarsku teen die wrede ontnugtering as sake skielik nie meer so verloop soos wat ons gehoop het dit sou nie. Wees voorbereid om op enige tydstip wel in bedreigings vas te loop, en dan is dit veel makliker om te bestuur.

## 4. Persepsie oor die Suid-Afrikaanse Boer

Mense is vreeslik beïnvloedbare wesens. Die breë publiek loop met ‘n windskewe beeld van boere en landbou rond. Besef u dat die stedeling wat in die supermark inkopies doen feitlik sonder uitsondering nie daaraan dink dat die kartonnetjie melk vanaf ‘n koei kom nie. Of nog veel erger, dat die pragtige snitte vleis in die koelkas vanaf ‘n lewende dier kom wat in ‘n abattoir geslag moes word sodat hy vanaand sy gunsteling stukkie biefstuk kan geniet nie. Daardie netjies verpakte vleis kon mos nooit ‘n pragtige dier met sagte bruin oë en ‘n blink snoet wees nie!

Boere word voorgehou as onbeskaafde geweldenaars wie hul arbeid genadeloos uitbuit en by die geringste oortredings te lyf gaan en selfs vermoor. Dis wat u op televisie sien. Wat doen ons om ‘n ware beeld van landbou te projekteer? Toon ons aan die publiek dat ons beskaaf is, goeie arbeidverhoudinge handhaaf, in harmonie met die omgewing boer en terselfdertyd seker maak dat daar altyd vars vleis, suiwel, groente en vrugte op tafel is? Ons het mos toegang tot die media, dit moet net aangewend word. Solank as wat die publiek ‘n negatiewe beeld van ons het, moet ons geen simpatie uit enige oord verwag nie. Daardie simpatie is broodnodig indien ons sukses wil behaal om aan te toon watter uiters belangrike rol ons in die samelewing en in die ekonomie speel.

## 5. Ons is onder groot druk

Die Suid-Afrikaanse boer verkeer onder groot druk op vele terreine. Speel dit negatief in op ons uitsette? Nee, inteendeel, ek glo dis ons redding.

- Druk, verdrukking of onderdrukking dwing ons nader aan mekaar
- Dit bring die kreatiewe in ons na vore
- Dwing ons om werkwyses te vernuwe
- Oorlewingsplanne kom na vore
- Hou ons nederig en afhanklik voor God

Ons moet eintlik vir die ANC-regering dankie sê dat hulle ons forseer het om ons posisie in oënskou te neem en op ons volk se spore terug te gaan sodat ons die lewenswaardes kon herontdek. Daarmee saam is die wil en vasberadenheid om weer bo uit te kom so sterk aangevuur dat ons met reg kan sê ons het weer ons koers gevind.

## 6. Ons missie

Is dit om geld te maak ten alle koste? Verseker nie. Dis juis waar die kentering gekom het. Ons landbouers het begin besef dat daar waardes is wat nie deur geld gekoop kan word nie. ‘n Goeie verdienste is bloot die resultaat van ‘n verskeidenheid aksies wat ons as landbouers neem.

- Om te boer is ‘n Godgegewe roeping
- Ons het hierdie leefwyse verkies en streef daarna om dit te handhaaf
- Ons streef volhoubaarheid na
- Ons sal nooit ons eiendom afgee nie
- Ons het niks verniet gekry nie, als is met eerlike harde werk gekoop
- Suid-Afrika is ons land, ook ons kinders s’n
- Ons voorouers het offers op die slagveld gebring, ons sal dit op die ekonomiese terrein bring

## 7. My reg tot privaat eienaarskap

Ons reg om eiendom te besit is in die grondwet verskans. Dit wil egter voorkom asof die regering nie veel waarde daaraan heg nie. Dis ons plig om te verseker dat ons met alles binne ons vermoë optree om te verseker dat die gewillige koper/verkoper beginsel gehandhaaf word. Ons moet onsself baie duidelik laat hoor in hierdie verband. Die regering het ons reaksie by verskeie geleenthede reeds getoets en sal dit doen totdat hul voel dat die tyd ryp geword het om ons uit te daag met onteienings.

Die vryemark beginsel van handel sal verseker dat ons eiendomspryse gesond bly. Die regering gaan egter bly karring hieraan omdat dit tot sy voordeel gaan strek indien grondpryse daal. Dis alom bekend dat die regering grondpryse kunsmatig probeer verlaag omdat daar nog baie grond volgens hul herverdelingsplan aangekoop moet word. Ons mag nie toelaat dat hul ons intimideer met die skrikmaak taktiek van onteiening nie.

Ons groot krag lê in die plattelandse ekonomieë. Moet dit asseblief nie sondermeer prysgee nie. As u eers verkoop het, het u niks en het u ook nie meer die vermoë om hierdie oorlewingsgeveg te help veg nie. Die kontant met verhandeling van u grond neem u nie ver nie. Levubu het heelparty hartseer verkopers opgelewer. As u nie die behoefte het om te verkoop nie, moet asseblief nie toegee onder druk om te verkoop nie. Dis van uiterste belang dat ons ons kollegas moet ondersteun sodat hul nie moedeloos raak en die behoefte ontwikkel om handdoek in te gooi nie. Ons het elkeen se bydrae nodig, hoe gering ookal.

## 8. Munisipale heffings en belastings

Die ANC het dit al gestel dat hul die blanke kapitalis sal verduur solank daar genoeg belastings gevorder kan word sodat hul hul eie strukture daarmee kan oprig. By voltooiing daarvan is daar geen rede waarom hul die blanke kapitalistiese element langer hoef te verduur nie en sal hul graag van hom ontslae wil raak.

Afrika vertel die storie van die demokratiese rewolusie konsep so duidelik vir die afgelope 40 jaar, maar tog verkies ons om dit nie raak te sien nie. Dis ‘n geleidelike aftakelingsproses waar die nuwe demokraties verkose regering alle bestaande strukture begin afbreek en vervang met sy eie strukture gedomineer deur sy eie mense met sy eie nuwe vreemde name. Dis ‘n poging om die geskiedenis van blanke oorheersing uit te vee en van alles ontslae te raak wat net enigsins daarmee geassosieer kan word. Hul eien hulself volle eienaarskap toe van dit wat nie deur hulself tot stand gebring is nie en vergryp hulself aan elke krieseltjie van dit wat daar te neem is uit die kosbare reserwes wat oor baie jare met harde werk tot stand gebring is.

Bg. het ook in ons land reeds werklikheid geword. Die rekenings vir heffings en belastings sal spoedig aan u gelewer word. Wat gaan u daarmee doen? Gaan u maar betaal en hoop hul los u uit? Ek het vir u slegte nuus. As die beginsel eers gevestig is en die geld begin instroom na die bankrot munisipaliteite sal die tariewe net eenvoudig begin sneeubal. Hulle is honger vir geld. Het u al ooit gewonder of ons NAFU lede ook rekenings gaan kry? Dis dalk die moeite werd om uit te vind. Ek het nie vandag 'n plan nie, maar ons sal iets moet doen. Hierdie probleem gaan verseker nie vanself verdwyn nie.

## 9. Arbeidswetgewing

In sy huidige vorm ontneem dit my die reg om te onderhandel oor vergoeding vir ooreengekome dienste gelewer. Omdat dit een van die basisreëls van die ekonomie verontagsaam, is dit gedoem tot mislukking op die langtermyn. Niemand kan geforseer word om iets aan te koop wat hy nie wil hê nie, laat staan nog teen 'n prys wat hy nie kan bekostig nie. Met tyd sal die stelsel homself uitwoed en skade bring vir die persone wat veronderstel was om daardeur beskerm te word. Ongelukkig verstaan die politici blykbaar nie basiese ekonomiese beginsels nie. In die tussentyd is daar enkele sinvolle aksies wat geneem kan word om te verseker dat u besigheid hierdie ongevraagde las ligter kan maak.

- Ondersoek arbeidsbesparende aksies of werkwyses
- Geen vervanging van personeel wat bedank
- Implementeer arbeidsverminderende prosesse deur meganisasie
- Bring die familie terug plaas toe. Bied loopbane aan vir die jonges
- Indiensneming van goed geletterde blanke arbeid as masjien operateurs en pashuispersoneel
- Rig veilige gebiede in
- Kibboets gedagte. Koop grond aan en bring bruikbare blanke werkloses platteland toe om produktief te wees en ons ekonomie te versterk.
- Deur ons getalsterkte met bg. aksies op te knap verstewig dit die veiligheids-program. Meer mense, beter patrolering, beter toegangsbeheer, minder vreemde oë wat rondloer en veiliger werksomgewing.

Indien bg. aksies verfyn en suksesvol geïmplementeer kan word sal dit lei tot 'n baie meer stabiele werksmag wat nie so sensitief is vir regeringsinvloede nie.

## 10. AgriSEB

Wat probeer die regering bewerkstellig met AgriSEB? Hulle sê dat dit 'n meganisme is om swart mense ook die geleentheid te gee om deel te word van die landbou ekonomie. Maar waarom dan al die voorskrifte, telkaarte en penalisasies. Kyk 'n mens fyner na die proses, dan is daar 'n duidelike lyn wat deur alles loop. Beheer. Die hele proses is daarop gerig om boere en landbou maatskappye te forseer om swart mense in hul strukture op te neem en aandeelhouding te gee op eie onkoste. Die proses moet dan so groei dat swart mense uiteindelik ten minste 51% aandeelhouding het. Dit is mos rassisties in sy wese en druis reëlreg in teen my reg tot vrye assosiasie.

Wat doen AgriSEB

- Dit dwing ‘n ongewenste vennoot aan u op
- Dit dwing u om ‘n swart plaasvervanger vir uself op te lei
- Dit ontneem u kinders hul erfporsie of hul voorreg om u besigheid oor te neem wanneer die tyd daarvoor reg is
- Dit vereis dat u altyd jong swart mense in opleiding moet hê. Wat word van hulle as hul nie meer jonk is nie? Vennote?
- Daar is geen verstrykingsdatum. Dis onomkeerbaar.

My opsomming hiervan is dat dit deel vorm van die regering se proses om ou strukture af te takel en te vervang met sy eie. Dit is deel van die beleid van beheer op alle vlakke van die samelewing. Skole, kerke, sport, mynbou, bankwese en so ook die landbou. Gee u dus toe aan AgriSEB, is dit so goed dat u toegee aan ‘n onwettige grondeis. U gee u besigheid weg en speel reg in die hande van die regering. Hul kry dit reg om die familie opeenvolging van geslagte in die landbou te breek en verkry daardeur beheer oor die plattelandse ekonomieë. Daardeur hoop hulle om die laaste vesting van mag, die ekonomiese mag, van die blanke finaal te breek. Wanneer dit gebeur het, is daar vir ons geen toekoms meer in hierdie land nie en sal ons maar ons goed moet pak en trek. Waarheen en waarmee weet nugter alleen.

Hoe kan ons die proses teenwerk?

- Deur nie in te koop in die proses nie
- Moenie die regering help om sy wette te implimenteer nie
- Die vermoë om af te dwing bestaan nie. U sal u eie polisieman wees
- Vermy handelstransaksies met SEB strukture so ver moontlik
- Koop by u plaaslike besighede wat u saak goedgesind is. Gun hul ‘n bietjie wins sodat hul u beter kan diens
- Trek plaaslike sakelui in by u strukture
- AgriSEB handelsbeperkings moet doelgerig beveg en ontwrig word

## 11. Plattelandse ekonomieë

Boere is primêre werkverskaffers aan hoofsaaklik ongeletterdes, die sg. armstes van die armes. Deurdat ons ekonomies aktief is en geld platteland toe bring, word hierdie mense en hul families gevoed en geklee en kan hul ‘n menswaardige bestaan voer. Solank landbou gesond is, is baie swart mense in staat om ‘n rustige landelike lewenswyse te geniet. Wanneer die landbou in ‘n gebied om watter rede ookal kwyn, steek sosiaal maatskaplike probleme kop uit en begin daar ‘n uittog na die stede. Sou landbou skielik op groot skaal geknou word soos in Zimbabwe, sal swartmense in hul miljoene na die stede stroom met katastrofiese gevolge vir alle landsburgers. Min Didiza was dus heeltemal reg deur te sê dat hul baie by Zimbabwe geleer het, waarskynlik daarom die plan om eers AgriSEB te implementeer alvorens hul landbou hardhandig kan hanteer.

Ons moet werklik ons beste gee om ons plattelandse ekonomieë gesond te hou. Dis ons laaste loopgraaf en die vesting waaruit ons ekonomiese weerstand moet bied. Solank ek op my plaas is en die basiese lewensmiddele tot my beskikking het, is ek bruikbaar in die stryd om te behou wat aan ons behoort.

‘n Paar riglyne om ekonomies gesond te bly

- Raak ontslae van skuld, veral onnodige skuld op luukshede
- Koop plaaslik aan
- Geld moet ten minste 4-5 keer in die klein ekonomie omdraai voordat dit in die nasionale ekonomie beland
- Groot kettingwinkels suig geld uit die klein ekonomie en verplaas dit na die stede waar hul aankope doen
- Staan u medeboere by met inligting en advies t.o.v. aankope en bemarking

## 12. Ekonomiese onafhanklikheid

Watter aktiwiteite kos u die meeste geld? Van watter aangekoopte insette kan u mettertyd ontslae raak? Dries Joubert vra altyd wie is die manne wat met elke maandeinde u pad na die huis toe stof trap om hul tjeks te kom haal.

Daar is reeds verskeie oplossings en antwoorde op probleme. Dis weliswaar nie sakpas oplossings nie, maar elkeen hou baie belofte in vir diegene wat bereid is om die stap te neem en alternatiewe te begin oorweeg. Klein begin is die wagwoord. Moenie versigtigheid oorboord gooi en klomp geld op nuwe idees spandeer nie, die gedagte is juis om te bespaar. Besoek soveel moontlik suksesvolle ondernemings en oortuig uself dat dit kan werk voordat u ‘n besluit neem. Halfhartigheid gaan mislukkings verseker.

- Kunsmisvervangende praktyke (Effektiewe mikro-organismes). Hierdie is een van ons befondsingsprojekte en mooi suksesse is reeds behaal. Moenie sê dat dit nie haalbaar is alvorens u nie probeer het nie. Dis nie ‘n towerstaf nie, maar ‘n geleidelike proses waar u d.m.v. kompos vervaardiging weer begin om u grond se humus inhoud te verhoog. Sodoende word die natuurlike balans van mikro-organismes weer herstel en die grond se vermoë om goeie en gesonde opbrengste te produseer.
- Biologiese boerdery praktyke met die doel om aanwending van landbou chemikalieë te verminder. Begin deur die gebruik van onkruiddoder drasties af te skaal en uiteindelik te staak. Ontwikkel nuwe praktyke om onkruid te bestuur. Aanwending van biologiese insekbeheer d.m.v. parasitoïde en natuurlike middels soos plantekstrakte.
- Biodiesel. Hoë brandstofpryse is ons voorland. Skaarsheid mag ook ‘n rol speel vorentoe. Begin op klein skaal met biodiesel. Bemeester die prosesse. Hierdie produk mag in die toekoms baie nuttig te pas kom en u ‘n groot mate van onafhanklikheid verseker.
- Eie kragopwekkingsvermoë. Generator wat op biodiesel kan loop en u basiese boerderybehoeftes kan diens. Eskom mag dalk sy kapasiteitsprobleme uitstryk, maar dit verseker nog nie dat die kragnetwerk wat u bedien in staat sal wees om krag by u transformator te lewer nie.
- Biologiese fermenterings aanlegte wat plant en diere afval gebruik om brandbare gas te produseer vir verhittingsdoeleindes en die aandryf van gasturbines vir kragopwekking. (Konsep in aanbou, Indië reeds baie suksesvol)

Bg. is nie drome nie. Dis praktyke wat reeds getoets is en werk. Niemand gaan u kwalik neem indien u nie daarvoor kans sien nie, maar ons (wat dit reeds suksesvol gebruik) wil graag hierdie kennis met u deel omdat ons glo dat dit aan u ‘n baie groot mate van ekonomiese selfstandigheid sal gee sodat u in staat sal wees om uself te handhaaf indien ons land se infrastruktuur ons in die steek laat. Bowendien is dit kostedoeltreffende praktyke wat volhoubare winsgewendheid waarborg.

## 13. Ekonomiese Selfstandigheid

Wanneer ‘n boer se mening oor die Westerse ekonomieë gevra word, antwoord hy dat hy vooruitgang sien. Kyk ons na Suid-Afrika se ekonomie, toon die syfers dat die ekonomie groei. Gesels met ‘n boer en hy sal sê hy boer agteruit. Is dit ‘n persepsie of die waarheid?

Suid-Afrika is ‘n vinnig groeiende verbruikersekonomie. Die vervaardigingsektor bly egter ver agter. Hoë arbeidskoste en lae produktiwiteit is die groot sondaars. Dit beteken dat SA in ‘n skielike krisis gedompel kan word as buitelandse beleggers skielik sou besluit om hul fondse op te roep. Indien so ‘n krisis hom sou voordoen, waar sal dit u laat?

## 14. Subsidies

Waarom? Doel daarvan? Hoe? Wie trek voordeel?

Dit is finansiële steun wat ‘n regering aan sy landbousektor gee om wisselings, opbrengste en produkpryse te stabiliseer. Dit bied ook beskerming teen goedkoop invoere wat dreig om ‘n land se binnelandse produksie te de-stabiliseer. Subsidies stel ‘n landbouer in staat om ‘n voorafbepaalde hoeveelheid van ‘n spesifieke produk te produseer teen ‘n voorafbepaalde prys en teen ‘n bekende produksiekoste.

Die netto effek is dat die landbousektor beskerm word teen storting, wisselende produkvolumes en die landbou word gebuffer teen onvoorspelbare veranderlikes. Daardeur verseker ‘n land dat hy ‘n onafhanklike voedselvoorsiener bly.

As eenvoudige voorbeeld die volgende: ‘n Bus word gesubsidieer om ‘n roete deur ‘n stad te ry. Wie voel die finansiële voordeel daarvan? Is dit die buseienaar of die passasiers wat elke dag, op geskeduleerde tye, ongeag die aantal passasiers by die halte hul goedkoop kaartjie kan koop vir die rit stad toe en terug? Antwoord is voor die hand liggend.

Ons moet hierdie boodskap ook by die SA regering tuisbring. Dis nie die boere wat direk finansiële voordeel uit subsidies trek nie, maar die landsburger wat verseker is van stabiele voorsiening van relatief goedkoop voedsel. Die land behou wel sy ekonomiese selfstandigheid deurdat hy te alle tye in sy eie voedselbehoeftes kan voorsien.